

# HOOFSTUK I

## DIE AGTERGROND

### §1. *Drie Verskillende Taalgroepe.*

Daar sal voortdurend sprake wees van 'n simbiose van drie taalgroepe, nl. (i) die Europese tale wat na die Kaap oorgebring is, soos Nederlands, Frans, Duits, Portugees, Engels; (ii) die inboorlingtale (Hottentots, Boesmans, Bantoe); en (iii) Oosterse tale, hoofsaaklik Maleis. Op verskillende tye sal die een of ander in min of meer suiwer, gewysigde of gemengde vorm van belang wees, en daarom kan voorlopig iets in die algemeen gesê word om die samehang uit te bring. Die onderlinge verhouding van die tale uit Europa is reeds vroeër aangeroer (*Oor Afrikaans I*), en later word nog iets oor die Portugese en die taaltoestande onder die eerste nedersetters aangedui. Dan bly nou die ander twee groepe oor.

### §2. *Die Nie-Europese tale in Afrika.*

Die tale van hierdie vasteland se beraamde 130 miljoen inwoners vorm 'n bont staalkaart. Gewoonlik word die aantal op ongeveer 700 gestel, maar die berekenings is baie onvas, omdat dit soms moeilik is om te bepaal wanneer 'n tongval bygetel moet word as 'n selfstandige vorm. Een kenner, dr. Struck, noem 514 afsonderlike tale op, soos volg verdeel: Boesmans-Hottentots 11, Soedanees 264, Bantoe 182, Hamities 47 en Semities 10. Die Bybel is reeds in sy geheel in 33 hiervan vertaal, die Nuwe Testament in nog 'n 70 ander en ander Bybelgedeeltes in 'n verdere 173, wat 'n totaal van 276 verskillende tale bedra.

Verskeie pogings is aangewend om hulle in te deel. Volgens die morfologiese beginsel word onderskei tussen die *Soedantale* wat as isolierend of eenlettergrepig beskou

is, die *Hamitiese* tale wat flekterend is, en die sg. „Klassensprachen” soos Bantoe, wat sy selfstandige naamwoorde volgens vaste prefikse in bepaalde klasse rangskik.

Die indeling wat op die onderskeiding van die hoofrasse berus<sup>1)</sup>, gee voorlopig waarskynlik die bruikbaarste oorsig. Daarvolgens het ons:

(1). Die *Hamitiese* tale (die naam afgelei van Noag se un Gam en gebruik ter aanduiding van die Etiopiese ras). Hulle word aangetref in die Noordelike geweste van Afrika (Berbers, die voortsetting van Ou-Libies; Galla, Somali, Tuaregs, Haussa, en meer suidelik (rondom die Victoria-Nyansa) die tale van die Massai, Nandi, Ndorrobos — laasgenoemdes by ons bekend uit die beskrywings van Bana Maie). Die belangrikste onder almal is die tot aan die Weskus verbreide taal van die Haussa, ’n welvarende koopmansvolk in Sentraal-Soedan. Die Hamiete, vandag aanhangers van die Islam, is deur Arabiere op verskeie plekke na die agtergrond verdring.

(2). Die *Semitiese* tale, vandag veral verteenwoordig deur Arabies, die heersende taal in Noord-Afrika asook gedeeltelik in Oos-Soedan en langs die vastelandse ooskus, waar eertyds Arabiese kleinstate gestig was. Zanzibar het hom lank as sodanig kon handhaaf. Naas Arabies, die taal van die handel en van die Mohammedaanse godsdiens, is van belang Amharies of Amries, die amptelike taal van Abessinië. Dit gaan terug op o.a. voor-Christelike Semitiese kolonisasies van Ethiopië en Abessinië, en is die vernaamste onder die huidige Koesjitiese tale.

(3). Die *Negertale* ten suide hiervan geleë, sluit in (a) die Soedantale, (b) die Bantootale en (c) die Nilotiese (Bo-Nylrivierse) mengtale. Hulle beslaan verreweg die

<sup>1)</sup> „Anthropologically, Africa can be divided into three parts. Two curves drawn convexly to the north-east across the continent, one running from Senegal through Khartoum to Mombasa and the other from Walfish Bay through Johannesburg to East London, separate it into northern (or north-eastern), central, and southern (or south-western) belts, predominantly populated to-day by the Brown (Hamitic of Mediterranean), Negro, and Bush races respectively.”

R. A. Dart, *Racial Origins*, artikel in *The Bantu-Speaking Tribes of South Africa* (Londen-Kaapstad, 1937).

grootste gedeelte van Afrika, en die digbevolkte streke langs die Goudkus word ook deur hulle bewoon (Pula- en Manfutale). Soedanees vorm nie so 'n eenheid soos die Bantoefamilie nie. Die westelike Soedantale is onder hulle tot hiertoe nog die noukeurigste bestudeer. Oor die Bantoetale straks iets naders, asook oor:

(4). Die *Khoisantale*, d.i. Hottentots en Boesmans.

(5). *Madagassi*. Die groot eiland Madagaskar moet ongetwyfeld by Afrika ingereken word. Vandag is daar omtrent drie miljoen inboorlinge wat hoofsaaklik uit twee volksgroepe bestaan: (a) die Sakalawa, 'n negerras aan die westelike kant van die eiland, en (b) die afstammelinge van 'n Indonesiese volk wat in vroeëre tye die oostelike kant van die eiland ingeneem en van toe af bewoon het. Laasgenoemde het 'n Maleise idioom gepraat, aangedui met die versamelnaam Madagassi, of beter bekend onder sy wisselvorm Malagassi. Die magsposisie van die Howas in die hart van die eiland het aan hulle tongval gaandeweg die voorrang besorg, en dít het die skryftaal van die eiland geword. Ook die Sakalawa praat as hulle moedertaal vandag die Maleise Malagassi, wat tans die stryd moet volhou teen Frans, die taal van die oorheersers<sup>2)</sup>.

\* \* \* \* \*

Die ontstaansgeskiedenis van Afrikaans maak dit wenslik om meer bepaald te let op dié nie-Europese taalgroepe wat ons in die operasiegebied van ons taal self aantref, d.w.s. in Suid-Afrika, omdat Afrikaans met hulle in intiemer aanraking kom of gekom het. Die Hamitiese, Semitiese en Soedantale speel hier geen rol nie. Wel het Nederlands voor die landing van Van Riebeeck al as gevolg van aanraking op handels- en ander gebiede woorde aan Arabies, Hebreeus en ander Semitiese tale ontleen, hoofsaaklik egter buite Afrika, maar net soos sodanige ontleninge uit Berbers e.a., moet ook hulle as erfgoed

<sup>2)</sup> Daar is verskeie kaarte wat die verspreiding van tale in Afrika voorstel; een van die bestes is te vind in W. Schmidt: *Die Sprachfamilien und Sprachenkreise der Erde* (Heidelberg, 1926); 'n vereenvoudigde kaart staan in lord Hailey *An African Survey*, Londen, 1945, bl. 68.

beskou word wat Afrikaans betref. Vir die vormings- en ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans kom dan in hierdie verband in aanmerking die Khoisan- en Bantoetale (Malagassi noem ons later in 'n ander verband).

### §3. Die Khoisantale.

Die Hottentotte noem hulself die *Kboi-Kboin* (die mense van die mense, d.i. die suiwer ras) en die Boesmans die *San*, o.a. nog bewaar in *Son-kwasriet* en die plekname *Sonkwasdrif* (in die Bergrivier naby Hermon); vroeër ook *Sonkwasvloof* (naby Piketberge, LV XII 15), *Sonkwaskraal* (XX 108), e.a. Navorsing het sommige vooraanstaande geleerdes oortuig dat die Hottentotte en Boesmans 'n gemeenskaplike oorsprong het, dus van dieselfde volk afstam en gevolglik ras- en taalkundig byeenhoort. Om die eenheid aan te dui, het L. Schultze in 1928 die twee benaminge verenig in die samestelling *Khoisan*, en as sodanig word dit dikwels aangewend, o.a. deur dr. I. Shapera in sy gesaghebbende werk *The Khoisan Peoples of South Africa* (1930), 'n studie wat my vir hierdie paragraaf tot gids dien.

Uit die geskiedenis, en waar dit swyg, uit rotstekeninge en steenwerktuie is dit bekend dat die Boesmans (wat, terloops, nie die oerbewoners is nie) vroeër oor die hele landstreek besuide die Sambesië rondgeswerf het, maar vandag word hierdie nomadiese, dwergagtige jagtervolkie hoofsaaklik aangetref in die Kalahari en in die noordelike helfte van Suidwes-Afrika. Hoewel dikwels in afgesonderde kloppe, vorm hulle een familie, deur mej. Bleek, die grondige kenner van Boesmans, verdeel in (a) 'n Suidelike groep (die Kaapse Boesmans of /Xam-mense ten Suide van die Oranjerivier, nou omtrent totaal uitgesterf); (b) 'n Noordelike groep in Suidwes-Afrika, o.a. in die Kaokoveld, waaronder die Kungstam die vernaamste is, en (c) 'n Middegroep in Sentraal- en Noord-Kalahari, waartoe die Naron (/aikwe) gereken word. Die Boesmans is 'n verdwynende ras, en dr. Shapera skat dat daar (in 1930) nog omtrent 7,000 tot 7,500 van hulle was. Van altyd af was hulle hand gekeer

teen Hottentot, blanke en Bantoe, en as groep was hulle ontembaar of het hulle beswaarlik by 'n gebonde leefwyse kon aanpas, sodat hulle in die volgehoue stryd na die randgebiede of onherbergsame woestynstreke uitgedryf is. Die blankes as groep het hulle taal by die oppervlakkige aanraking gevolglik nooit aangeleer nie, sodat daar van direkte kulturele en taalinvloed haas geen sprake kon wees nie. Selvs geen pleknaam word met absolute sekerheid aan hulle toegeskryf nie, hoewel Pettman vermoedens het dat o.a. *Gong-Gong*, *Makwassie* en *Ngami* op egte Boesmanwoorde teruggaan.

Nouer was die aanraking van die blankes met die lang, bruin- of olyfgeel Hottentotras, vir die nedersetters aanvanklik van veel betekenis omdat hierdie pastorale volk groot- en kleinvee aangehou het — iets wat die rondswerwende Boesmans nie besit het nie. Die Hottentotte het in groter gemeenskappe in krale saamgewoon en hulle maatskappy het 'n ingewikkelder struktuur vertoon. Hulle het die suidpunt van Afrika bereik nà die Boesmans, en het hierdie streke al bewoon toe die Portugese teen die einde van die vyftiende eeu op hulle afgekom het, eers in die buurt van Saldanha- en daarop by Mosselbaai. Die ontdekkingstogte sedert 1652 onderneem, het die bewys gebring dat hulle die land bevolk het van die Kei in die Ooste tot aan die Weskus en dieper landwaarts in tot oorkant die Oranjerivier, d.w.s. hulle tuiste was toe die westelike helfte van Suid-Afrika. Theal beraam dat hulle in die tyd van die eerste koloniste omtrent 45,000 tot 50,000 siele getel het. Sedert dié tyd het hulle baie ronddgetrek. Deur epidemies, oorloë, uitbastering en teenspoed is hulle getalle baie uitgedun en die aanwas teengewerk. Vandag word Hottentotte nog aangetref in Suidwes-Afrika en die noordwestelike Kaapland, terwyl aardrykskundige plek- en plaasname ons nog aan die tyd herinner toe hulle ook ander gebiede beset het.

Hulle taal verval in vier afsonderlike dialekgroepe, naamlik dié van die (a) Kaapse Hottentotte of Kaapmans, in ruimer sin, oor wie ons deur verskeie persone ingelig is, o.a. deur Dapper, Ten Rhyne, Grevenbroek en Kolbe.

In en om die Kaapse Skiereiland was daar in die tyd van Van Riebeeck die Goringhaikwa, die Goringhaikona en die Kora of Gorachoukwa, en hiervandaan ooswaarts langs die suidkus agtereenvolgens die Chainokwa (tot aan die Breerivier); die Hessekwa (tot aan die Gouritsrivier, d.w.s. in die huidige Caledondistrik); die Hancumkwa (in wat vandag die Worcesterdistrik is); die Attakwa langs die kus van Mosselbaai tot by George, en noodwaarts van hulle die Gourikwa; dan die Outenikwa tot aan die Gamtoosrivier. Beginnende by Tafelberg het ons langs die weskus noordwaarts gehad die Kogokwa tot by Saldanhaabaai (in Van Riebeeck se tyd die sterkste groep); die Klein-Grigrikwa of Garigurikwa tot aan die Olifantsrivier en ten noorde van hulle tot oorkant die Oranjerivier die Groot-Grigrikwa of Namakwa.

Twee van hierdie stamme verdien besondere vermelding. Die Kora het teen die einde van die sewentiende eeu weggetrek van die buurt van Tafelberg af en hulle vorm die kern van die latere Koranna. Die Klein-Grigrikwa het 'n halfeeue later (teen die middel van die agtiende eeu) hulle woonbuurt tussen die Sint-Helenabaai en die Olifantsrivier verlaat en in noordelike rigting getrek. Onder Adam Kok het hulle eers in Klein-Namakwaland (Kamiesberg) gevestig en daarvandaan later weggeswerf tot hulle eindelijk in Griekwaland-Wes en Griekwaland-Oos state gestig het wat vanweë die destydse Britse magspolitiek in die gedrang geraak en verbrokkel het. Op aandrang van Campbell (in 1813) het hulle die ou volksnaam Basterds laat vaar en die naam van Griekwas aangeneem. Die geskiedenis van albei groepe is reeds in Afrikaans in twee afsonderlike werkies (D. J. van Zyl en mevr. E. C. Coetser) uitgestippel.

(b). Die Oostelike Hottentotte. Ten ooste van die Outenikwa (George) was nog Hottentotstamme: die Inkwa (in die huidige Aberdeen-distrik); die Damakwa (tot aan die Swartkopsrivier) en die later magtige Gonakwa (waarskynlik tot aan die Groot-Visrivier of die Keirivier). Hulle het die eerste met die Bantoe in

botsing geraak. Van hulle taal weet ons haas niks meer nie en as ras is hulle ook opgeslurp deur die Bantoe.

(c). Die Koranna, afstammeling van die Kora of Gora-Gorachoukwa van die Skiereiland, was sedert hulle teen die einde van die 17de eeu hulle tuiste verlaat het, agtereenvolgens gevestig langs die Midde-Oranjeloop, by die samevloeiing van die Vaal- en Hartsriviere, naby Kuruman (1813) en op Betanië (1850 e.v.) Hulle is omtrent geheel en al uitgebaster.

(d). Die Namakwa is die belangrikste en bekendste afdeling. Van betreklik vroeg af het hulle die noordelike geweste betrek, die Klein-Namakwa in die streke ten suide van die benedeloop van die Oranjerivier en die Groot-Namakwa ten noorde daarvan in Suidwes-Afrika, waar as groepe te onderskei is die Rooi-nasie, die Bondelswarts, die Velskoendragers, die Swartboois, die Topnaars en andere. As 'n aparte groep is te noem die Witboois wat, net soos ook baie ander vertakkinge, 'n dialektiese Afrikaans as moedertaal gebruik en bygevolg Nama nie meer ken nie.

Dr. Shapera noem die Hottentotte ook 'n verdwynende ras, veral as gevolg van oplossing in ander rasse. Hy sê o.a. (t.a.p., bl. 50): „A large proportion of Hottentot blood is to be found in the people still commonly spoken of in the Cape as „Hottentots,” as well as in the various communities of recognised half-breeds, such as the Griqua, the Rehoboth „Basters” and the Komaggas „Basters”; but Hottentots of pure blood are now in a marked minority, and there is no reason to doubt that they too will ultimately become absorbed into the „coloured” population of South Africa. Their native culture, where it has not been completely displaced, has at least been considerably affected by the intrusion of European elements, and, except in South-West Africa, their own language is also steadily giving way to Afrikaans.”

Nama is vir ons dikwels beskryf, o.a. deur E. Schultze (*Aus Namaland und Kalabari*, 1907) en Meinhof (*Lehrbuch der Nama-Sprache* 1909); die beste woordeboek is nog steeds Kroenlein: *Wortschatz der Khoi-Khoi* (1889).

Ook Shapera wy in sy meergemelde boek 'n hoofstuk aan die Khoisantale, waaruit dit voldoende blyk hoekom hierdie taal vir die blankes so vreemd en onaantreklik geklink het, byvoorbeeld op grond van die konsonante daarin. Die konsonante is van tweeërlei soort, uitasemend en inasemend. Oor eersgenoemde sê Shapera dat die spraakorgane die asem uitwerp („emits or drives the air outwards”) en hierdie affrikate word boendien begelei deur gelyktydige stemandontploffings, iets wat die blanke die Hottentot beswaarlik kon nadoen. Is hulle al lastig om voort te bring, dan is dit nog veel erger gesteld met die ingesuigde (met inaseming gevormde) konsonante wat die tweede soort behels, deur Shapera soos volg beskryf: „They are produced by rarefying the air between some outer closure or point of tongue articulation and an inner closure formed either at the velum or the glottis, and then releasing the outer closure so that the air is sucked in sharply. The inner closure is subsequently released for the following vowel” (ald., bl. 421, soos ook vorige aanhaling).

Party klap- of klikklanke herinner effens aan die geluid wat iemand maak as hy sy karperte wil aanmoedig. Daar is vier soorte van hulle volgens die plek van vasuiging, voorgestel soos volg: / vir die klik teen die boonste snytande, ≠ vir die geklap teen die tandrif, ! vir die insuiging teen die verhemelte en // vir die binne-waartse ontploffing aan die twee sye van die tong. Hulle word agtereenvolgens genoem dentale, alveolare, palato-velare of velare en laterale klikklappers. Elkeen van die vier kan met of sonder stem of genasaleer uitgespreek word. Boesmans het selfs nog 'n vyfde klikgeluid.

Voeg hierby dat drie-kwart van die Khoisanwoorde met een van dié klanke begin (meestal die palatale of velare Schnalz) en dat die stemandklapper orals kan optree, dan sal die bekende woorde van Dapper, sprekende as 'n oningewyde blanke, nie oordrewe klink nie: „Hun sprake gaet geduurigh met klokken, als de kalkoensche hanen, klappende, of klatzende over het ander woort op hun mont, gelijk of men op zijne duim knipte, zoo dat



hun mont byna gaet als een ratel, slaende en klatsende met de tonge overluit; zijnde elk woort een byzondere klats. Zommige woorden weten zy niet dan met heel zwaere moeite te uiten, en schijnen die als van achteren uit de kele op te halen, gelijk een kalkoensche haen, of als de luiden in Duitslant aen d'Alpes doen, die door het drinken van sneeuwater krop-zwellen aen den hals krijgen: waer over d'onzen hen ten opmerke van deze belemmering, en ongehoorde hakkeling<sup>3)</sup> van tale den naem van *Hottentots* gegeven hebben . . . ."

(VRV XIV, bl. 70. Voetnoot bl. 72 verwys na Hondius).

'n Ander belangrike kenmerk van Khoisan is dat die-selwde woord iets heeltemal anders kan beteken volgens die bepaalde toonhoogte, waarvan daar vyf onderskei word. Die stamme is meestal eenlettergrepig en word dikwels in reduplikasievorm aangewend, bv. vir versterking, vir meervoudsvorming (in /Xam), of om 'n werkwoord kousatief of oorganklik te maak (Nama). By voornaamwoorde en selfstandige naamwoorde word *natuurlike* geslag (sekse) uitgedruk deur uitgange, in Nama deur 'n *-b*, *-s* of *-i*, 'n *-b* (*-p*) vir manlik enkelvoud (*kboib*, 'n man; vergelyk *Gamka(b)* vir „leeurivier,” *Gariieb* vir „wilder-nis,” *O'okiep* vir „groot brak plek”); 'n *-s* vir vroulik enkelvoud (*kbois*, 'n vrou; vergelyk *daos*, 'n kloof, in *Karreedouw*, „jakkalskloof”); en 'n *-i* (gemeenslagtig) in *kboii* vir „persoon.” Die grammatiese geslag (genus) bestaan nie.

Khoisan onderskei tussen enkelvoud en meervoud, en Nama ken ook die tweevoud. Behalwe in /Xam waar die meervoud ook deur reduplikasie aangegee kan word, word net deur middel van uitgange gepluraliseer, waarvan daar 'n paar is, onder meer: (a) *-//kwa* by manlike selfstandige naamwoorde, soos in *Naron* (vandaar *Nama-kwa*, d.i. Nama-mense of -volk; *Son-kwa*, die

<sup>3)</sup> Hondius, Dapper e.a. het die beskrywing van „stamelaar” blykbaar van die Portugese oorgeneem. Lichtenstein beroep hom op De Castanheda en sê: „die Portugiesen . . . nannten ihre (der Hottentotten) Ausrede stammelend” (*Bemerkungen über die Sprachen der süd-afrikanischen wilden Voelkerstämme in Allgemeine Archiv für Ethnographie und Linguistik*, 1808, bl. 269).

Hottentotbenaming vir Boesmans; Hesse-kwa; ens., sodat ons *Nama-kwa-s* eintlik 'n stapelvorm in die meervoudsaanduiding vertoon); (b) *-gu* (manlik), *-ti* (vroulik) en *-n* (gemeenslagtig) in Nama, dus: *kboii*, persoon, word *kboigu*, mans, *kboiti*, vrouens, en *kboin*, mense. Prof. J. J. le Roux meen dat hierdie *-gu* moontlik die uitbreiding van *-goed* as kollektiewe meervoud in Afrikaans kon begunstig het. (c) *-si* in Auen, bv. *!num*, klip, *!numsi*, klippe (dink hier aan die Namakwalands-Afrikaanse vorme soos *damese*, *reëse*, *waterse*, e.d. wat moontlik hierby aansluit — (G. R. von Wielligh *Ons Geselstaal*, bl. 161).

Hierdie uitgange vind ons nie by werkwoorde nie — hulle bly onverboë en tye word uitgedruk deur spesiale temporale partikels wat die stam voorafgaan, behalwe in Auen, wat selfs dit nie het nie.

Oor die woordeskat deel dr. Shapera ons mee: „Terms for abstract ideas are rare, and terms are of course lacking to indicate the many things not connected with the mode of life of the people. But in terms dealing with veld lore, wild animals and birds, trees, herbs and roots, the chase and all the wealth of description which that entails, the languages are remarkably rich” (ald. 438).

Wanneer dit tot aanraking tussen die blankes en die Hottentotte sal kom, kan ons op voorhand verwag dat alreeds die klankestelsel vir die Europeaan 'n groot struikelblok sal wees om die inboorlingtaal magtig te word. Hoewel sommige dit wel later sal regkry, veral in die binneland, sal dit tog blyk dat dit eerder die Hottentot is wat die blanke se taal sal aanleer, en meer, dat groepe dit selfs as moedertaal in 'n eie vorm sal aanneem. Die Hollanders is wel in die begin die verleë party en in die oorweldigende minderheid, maar deur hulle besit van die gevaarlike plofkruit en van die begeerlike handelsware was hulle posisie dié van die magshebber en die toonaangewer. Vele faktore het gevolglik meegewerk dat direkte invloed van Hottentots op die beskaafde taal van die blankes gering en beperk sal wees, so selfs dat ondanks hulle taal se vrugbaarheid aan woorde vir inheemse plante en diere betreklik heel weinig daarvan

in die taal van die nuwe aankomelinge oorgegaan het, iets wat nogal moet opval.

#### §4. *Die Suid-Afrikaanse Bantoetale.*

Die Bantoe het eeue later as die twee Khoisanafdelings die suidelike gedeelte van Afrika van die Noorde uit binnegetrek, en wel in die grootste getalle langs die ooskus af. Eers goed in die tweede helfte van die agtiende eeu het hulle met die Gonakwa en vooruitgeskewe blankes in voeling geraak en is hulle volksverhuising stadigaan opgedam, sodat hulle vandag nog langs die oostelike helfte van Suid-Afrika die digste saamgepak is, maar na die middegebied toe (Vrystaat, Wes-Transvaal en Betsjoeanaland) yler woon. Hulle word ongeveer oor die hele gebied aangetref behalwe in die weste en midde van Kaapland en die aangrensende onderste helfte van Suidwes-Afrika — waar vroeër die Khoisan die digste bymekaar was. In teenstelling met die Hottentotte en Boesmans het hulle, selfs ondanks oorloë onderling en met die blankes, in stygende tempo in getalle toegeneem, veral toe die vrede eers verseker was en hulle kapteins onder blanke voogdyskap nie meer straffeloos en na willekeur oor die lewe en dood van hulle onderdane kon beskik nie. In 1931 was daar binne die Uniegebied net onder die ses miljoen Bantoe, in 1940 goed oor die sewe miljoen, in 1953 oor 8·5 miljoen. Die Bantoe vorm die sterkste rasgroep in ons land en hulle kon hulle taal en volksbesit ook beter teen verbrokkeling bewaar as die kultureel laerstaande Khoisangroepe, wat ten dele deur hulle opgesturp is. Al was hulle aanraking met die Europeaan vir hulle nie altyd tot onvermengde seën gewees nie, tog het dit hulle ontsaglik veel gebaat. Die daarstelling van 'n skryftaal, die vertroeteling van die volkseie en kweking van 'n eie letterkunde, asook die bestudering van die naturelletale, kom in die eerste plaas deur die bemoeiinge van die blankes, veral die sendelinge. Dit het die voorwaardes vir die nasionale selfbehoud verstewig.

Bantoe (uit *aba-ntu*, mense, meervoud van *umu-ntu* in teenstelling met diere, (M'belle bl. 37), is 'n versamelnaam

wat nie 'n etnologiese eenheid voorstel nie, maar 'n taalkundige saamgroepering is en gebruik word om 'n teenstelling te vorm met die Soedannegertale<sup>1)</sup>. Dit is in dié sin waarskynlik vir die eerste keer gebruik deur die private bibliotekaris van sir George Grey, naamlik deur dr. Bleek, die eerste persoon om die Bantoetale vergelykend te bestudeer (*Comparative Grammar of South African Languages*, 1869). Ruweg beteken Bantoe vandag die negerrasse wat in Afrika ten suide van die ewenaar gevestig geraak het.

Vir die doeleindes van ons onderwerp bepaal ons ons by 'n kort oorsig van die Bantoedialekte waarmee Afrikaans in sy kerngebied (d.w.s. in Suid-Afrika) die meeste in voeling is. Dan word onderskei:

(a). Die Ngoenigroep bestaande uit Xhosa, Zoeloe en Swazi. Dit word gevind al langs die ooskus (Oos-Kaapland, Natal, Swaziland) en gedeeltelik in Transvaal en Rhodesië. Xhosa self verval in AmaXhosa in enger sin, AmaMpondo, AmaMpondomisi, AmaThemboe (in die Transkei), en Zoeloe word toegepas ook op die dialekte van Natal, hoewel dit na regte net dié van Zoeloeland behoort aan te dui. Daarby sluit dit 'n vertakking in in Suid-Rhodesië (AmaNdbele van die Matabeles), terwyl die Mapoggers (Mapôers) van Middelburg, Lydenburg en Pretoria ook meegereken word as 'n ander groep AmaNdbele. Afgesien van los groepies elders is die Swazidialekte in Swaziland te vind. (Vir die betekenis van die stamname kan o.a. geraadpleeg word I. Bud — *M'belle Kafir Scholar's Companion* (Love-dale, 1903), bl. 37 — 39).

(b). Die Sothotale word gehoor in Basoetoland, Vrystaat, Betsjoeanaland en Transvaal, sowel as in randgebiede soos Noordelike Kaapland of in mynkasernes. In Sotho word drie duidelike afdelings onderskei, Suid-, Noord- en Wes-Sotho. Suid-Sotho se kerngebied is Basoetoland, en Noord-Sotho se eintlike tuiste is die grootste gedeelte van Transvaal, terwyl Wes-Sotho, beter

<sup>1)</sup> *Soedan* is 'n Arabiese woord vir swart, net soos *neger* van Latyn kom en dieselfde betekenis het, sodat in *Soedanneger* 'n toutologie skuil.

bekend as Tswana, gehoor word in Betsjoeanaland, die naburige strook van die Kaapprovinsie (bv. in die distrik van Mafeking) en van Wes-Transvaal, asook in kolle in Noord- en Wes-Vrystaat, soos deur die BaRolong in die buurt van ThabaNchu. Dit is miskien jammer dat die bestendinging van die drie afsonderlike dialekte, so nou verwant, deur nasionale oorwegings bevorder word, in plaas dat vir die hele Sothogebied 'n eenheidstaal as kultuurmedium ontwikkel kon word. Elkeen van die drie vertakkinge vertoon heelwat dialektiese afwykinge, Suid-Sotho die minste, miskien omdat die bewoë tyd van Moshesh 'n drukke onderlinge verkeer en onafgebroke algemene omgang as voorwaarde daartoe geskep het.

(c). Die Vendatale word in Noord-Transvaal gehoor, veral in die omgewing van die Soutpansberge, en vorm 'n afsonderlike groep so half tussen die Noord-Sotho en Bantoedialekte van Suid-Rhodesië. In hierdie dialek wat as die moeilikste onder die Bantoetale geag word, is nog weinig van belang geskryf, soos trouens ook in:

(d). Die Tsongatale van Noord-Oos-Transvaal. Die Tsongatale (Ronga, Tonga en Tswa), ook genoem die Shangaan-Tonga-groep, word eintlik in Portugees-Oos-Afrika gepraat, maar om aan die vervolging en oorloë te ontkom, het kloppe van hierdie Bantoe-sprekers na die Oostelike gedeelte van Noord-Transvaal gevlug en sodoende kry ons in die buurt van Pelgrimsrust en die Soutpansberge verteenwoordigers van hierdie stam en taal.

(e) Die Inhambanegroep raak Afrikaans prakties nie.

(f). In Suidwes-Afrika tref ons ook Bantoetale aan, waaronder te noem is die OvaHerero en OvaMbo. Die Bergdama is 'n negerras langs die weskusstrook, maar hulle praat 'n Namataal.

Voller as in die Soedantale het in Bantoe die aanwending van klasprefikse ontwikkel, waarvan daar glo 21 al aangewys is (Frobenius), die getal wisselend van taal tot taal. Zoeloe het bv. 13 verskillende klasse waarin die s.nwe. ingedeel word, aangedui deur 'n bepaalde prefiks, en Sotho 12. Dit is bowendien 'n vrugbare en handige middel van woordvorming, bv. Mo-Sotho en Ba-Sotho is

die enkelvoud en meervoud van daardie rasgenote, Se-Sotho dui die taal en Le-Sotho die landstreek aan. Die prefiks speel nog 'n rol in die sinsbou, deurdat dit herhaal word voor elke adjektief, voornaamwoord of snw. wat by die hoofwoord aansluit. So word hierdie klasprefikse eintlik die oorheersende kenmerk van die Bantoetale en bewerkstellig 'n singende, allitererende effek. Uit prof. C. M. Doke se artikel, waaraan ek alreeds veel ontleen het (in *The Bantu-Speaking Tribes of South Africa*, 1937), haal ek sy voorbeeldsin aan:

*Umu mumusi mwesu umukulu muli arwakwele arwenji;*

In-die 'n-dorp in-ons in-groot -in-is siekes hulle-baie;  
of met verandering na *pamusi* van die *mumusi*:

*Apa pamusi pesu apakulu pali arwakwele arwenji.*

Die meervoud word uitgedruk met 'n wysiging in of van die prefiks (*umu-ntu*, mens, *aba-ntu*, mense, sodat *Bantoe-s* eintlik 'n verdubbelde meervoud is). Bantoe ken geen genus- of kasusaanduidinge deur fleksie nie en ook by die natuurlike geslag (man- en vroulik) word dieselfde voorvoegsel aangewend. Daar is 'n groot woordvormende vrugbaarheid aan afgeleide werkwoorde. Tweeletter-grepige stamme oorheers en reduplikasie kom by eenletter-grepige stamme veel voor. Die aksent val meestal op die voorlaaste lettergreep. Opeenhoping van konsonante word vermy en ontlenings met sulke kenmerke word omgevorm (*stoel* word in Xhosa: *isitule*, in Sesoeto: *setulo*), waardeur die vokaalrykdom van die tale opvallend word en tot hulle sangerigheid bydra. Intonasie en stemrekking is van belang; dit kan as waarskynlik geag word dat die Afrikaanse gerekte *da-a-a-r vé-é-ér* 'n aansluiting hierby is. Die oorseining van boodskappe oor lang afstande deur trommelgeluid of geroep berus op die bepaalde hoogte van die geluide.

Die kontak tussen Afrikaans en Bantoe kom eers in beïnvloedbare graad voor nadat Afrikaans reeds sy beslag moes gehad het, sodat hierdie aanraking vir ons taal-geskiedenis in ander opsigte interessant kan wees, bv. om die brandmerke van Afrikaans op Bantoe te sien in die vorm van die massa ontleninge uit 'n ander en inge-

wikkelder kultuur. Bantoe is ook die bewaarder van verskeie woorde wat by ons in onbruik of vergetelheid geraak het (*ibanti* uit (*lyf*)*band*, *isikauti* uit *skout*, almal Xhosawoorde, of *banekausi* vir handskoene, uit *bandkous*, in Sesoeto), en moontlik kan ons oor die uitspraak afleidinge maak na aanleiding van sodanige ontleninge. Die studie van wedersydse beïnvloeding behoort nie heeltemal verwaarloos te word nie, enkel al uit weetgierigheid. Anders as in die geval van die Khoisantale, het die blankes van die naburige streke gou en goed geleer om Bantoe te praat, miskien ook al omdat die uitspraak veel makliker was. Bantoe het oorspronklik waarskynlik nie sy huidige klapgeluide gehad nie, en geleerdes meen dat hulle uit Hottentots ingedring het, moontlik langs die weg van die meide wat as oorlogsbuit meegevoer en as vrouens opgeneem is (Bleek). Opmerklik is in elk geval dat die klapgeluide in Bantoe afneem na mate die afstand groter word van sulke kontakgebiede af.

#### §5. *Oosterse Tale.*

Indien nie uitsluitlik nie, dan tog wel in hoofsaak deur slawe is die Oosterse tale in die Kaapse Skiereiland en omgewing ingevoer. Ons slawe het van die binnelande en kusgebiede van Afrika gekom, of uit die Ooste. Van die Oosterse slawe het ongetwyfeld die meeste 'n vorm van Maleis geken (soms ook *Malaais* genoem — vergelyk *bei(de)* en *baai-vlakte*; *Mei-* en *Maaimaand*). Die Maleiers of Malaiers, gewoonlik aanhangers van Islam (by ons bekend as *Slamaaiers*, uit *Islam* en *Malaaier*), noem hulleself die *Orang Malayu*, d.i. glo „rondswerwende mense,” oor wie se afkoms en oertuiste die wetenskaplikes ons nie met sekerheid kan inlig nie, maar dit word waarskynlik geag dat hulle uit Agter-Indië kom en afgeswerf het na Malakka en die Maleise Argipel.

Hulle bewoon dus sommige van die groot en kleiner eilande tussen Asië en Australië. Hier praat hulle verskeie dialekte wat Maleis in breër sin genoem word. Om hulle van Maleis in enger sin te onderskei, verkies die taalwetenskap die benaming *Indonesies* (Grieks *nesos*

beteken *eiland*) naas die twee ander vertakkings van Austronesies, te wete Polinesies en Melanesies (*polus* is *baie* en *melas* is *swart* in Grieks).

Indonesies (of Maleis in sy ruimer betekenis) is inheems in die Suide en Suidweste van Malakka (Maleise Skiereiland) en het vandaar versprei, sodat dit vandag omvat die tale van Formosa, die Filippyne, Molukke, die Soenda-eilande en natuurlik Madagaskar. In die Maleise Argipel was Maleis (in enger sin) die algemene omgangstaal en dus die belangrikste onder die Indonesiese tale, hoewel dit weens die hoë graad van vereenvoudiging nie die mees tipiese verteenwoordiger van die groep is nie. Omdat dit soveel eenvoudiger was as die ander Indonesiese tale, het dit ten opsigte van bruikbaarheid 'n voorsprong gehad en is inderdaad ook deur nie-Maleiers gepraat. Daardeur het dit tot 'n soort van lingua franca ontwikkel vir doeleindes van handel en verkeer, meer bepaald sedert die vyftiende eeu. As sodanig was sy uiteindelijke verbreidheid groot, naamlik in die hele Indonesië, langs die kusstroke van Agter-Indië en selfs tot in Chinese hawens. Daar moet derhalwe onderskei word tussen: (i) Die Maleis van die Maleiers self, ditsy van die sogenaamde wilde, ditsy van die beskaafde Maleiers, maar dan tog as sodanig betreklik suiwer; (ii) Die verskillende verbasterde vorme wat die vreemdelinge vir hulle onderlinge verkeer ontwikkel het.<sup>2)</sup>

Dit was in breë trekke die taaltoestande in Indonesië toe Da Gama die seeweg na die Ooste ontdek het. Op die 20ste Mei 1498 het hy in Kalikoet geland, en dit lei tot die vestiging van die Portugese invloedssfeer van die begin van die 16de eeu af. Albuquerque beset Malakka in 1511, en onder hom, soos reeds onder sy voorganger Almeida, verkry Portugal 'n menigte hawens en handels-

<sup>2)</sup> Prof. J. L. M. Franken haal 'n stuk uit J. D. Bütner se Dagboek aan, waarin die volgende oor hierdie vorm van Maleis (in die jaar 1718) i.v.m. bostaande van belang is: „ . . . sie (Maleis) ist leicht zu lernen, und aus zu sprechen, als man nur Copiam vocabulorum in dem Kopfe hat, so kan man sie sprechen, denn sie wird nicht gedeclinirt oder geconjugiert, sondern man setzet die wörter nur bejsammen." (*Die Huisgenoot*, 24 Okt. 1930).



poste, veral in Malakka, die Spesery-eilande (Molukke), Ceylon en Indië. Die setel van die onderkoning was te Goa (Wes-Indië) — tot vandag toe nog 'n Portugese besitting.

Die Portugese het kom handel drywe met mense met wie hulle nie goed kon gesels nie. Uit nood is daar dus orals uiters vereenvoudigde geleentheidstale gebore waar die Portugese met inlanders wou onderhandel. Dit was kompromistale wat bestaan het uit 'n onvaste en ongelyke mengsel van oorwegend Portugees en die bepaalde inlandse taal, d.w.s. vorme van verbasterde Portugees. Soos daar in Afrika in die Goudkus, Angola en elders vorme van Neger-Portugees opgekom het, was daar in Indië Indies-Portugees, in Ceylon Ceylons-Portugees, ens., en in Indonesië Maleis-Portugees. Laasgenoemde was 'n mengtaal<sup>3)</sup> van Portugees en Maleis, bepaaldelik in die woordvoorraad; verder het dit die struktuur gehad van die ekonomiese grammatica minima, so iets soos ons Kombuis-Zoeloe. Gedurende die lang honderd jaar wat die Portugese in die Indonesiese handelwêreld (op die oomblik gaan dit net om hierdie streek) oppermagtig was, het hierdie mengtaal vaste voet verkry, nie alleen in onderhandelinge tussen Portugese en inlanders nie, maar ook tussen andertaliges in die algemeen.

Dit was byvoorbeeld die geval met die Nederlanders in die sewentiende eeu. Lank het hulle die ware wat die Portugese skepe uit die Ooste aangebring het, in Lissabon gaan haal om dit langs die Ryn en Schelde winsgewend te verhandel. So het hulle bykans 'n honderd jaar in noue handelsbetrekkings met die Portugese gestaan en bepaald langs dié weg en op dié wyse reeds in Europa nie alleen Portugese woorde geleer en oorgeneem nie, maar uit die Portugese handelstaal ('n soort van wêreldtaal) ook o.a. Maleise woorde, hoofsaaklik vir nuwe benaminge, d.w.s.

<sup>3)</sup> In *De Nieuwe Taalgids* (X 251) het prof. Hesseling die begrip soos volg omlin: „ . . . (ik neem aan) dat het Maleis en het Portugees, hoewel gewoonlik afsonderlik vermeld, in de praktijk door elkaar liepen, en dat het Portugees van de zeemanstaal een mixtum was waarin het hoofdpercentage door het Portugees werd gevormd en het Maleis het grootste contingent leverde van de Indiese talen . . . ”

selfstandige naamwoorde. Hoewel nie almal opgeteken nie, het hulle tog deel van ons oorgelewerde woordvoorraad gevorm.

Die kontak *met die Ooste* sou egter onmiddelliker word. In 1585 (die jaar toe Antwerpen geval het) het die Spanjaarde op die Nederlandse skepe in hulle hawens beslag gelê. Ten dele uit vrees vir 'n herhaling hiervan, maar ook om die heerlike voordele daaraan verbonde, wou die Nederlanders direk met die Ooste in handelsbetrekking tree. C. de Houtman en Molenaar het in 1596 daarin geslaag om oor die see die Ooste te bereik. In 1602 is die N.O.I.K. gestig en van nou af het die Nederlanders doelbewus die Portugese uit Soenda en Ceylon verdryf, soos die Engelse Indië op die Portugese verower het. In 1611 het die N.O.I.K. hulle hoofsetel in Indonesië verplaas van Bantam na Jakatra, in 1619 verdoop tot Batavia.

Hier het hulle die Maleis-Portugese geleentheidstaal in die 17de eeu pasmunt gevind, en reeds met Portugees nie heeltemal onbekend nie, het hulle dié lingua franca self gebruik, wat nou langsamerhand ook met Nederlandse woorde deurspek raak.

Hierdie kromtaal het hom lank na die verdrywing van die Portugese kon handhaaf, maar is tog stadigaan teruggedring toe dit in toenemende mate, veral sedert die agtiende eeu, vervang is deur die suiwerder vorme van die inlandse tale of deur Nederlands. So het die Maleis-Portugese aksiegebied ingekrimp en toe prof. Hugo Schuchardt dit net voor die sluiting van die negentiende eeu wou bestudeer, het hy dit in 'n late vorm nog in Java aangetref, naamlik op Toegoe, nie ver van Batavia af nie. Hiervan deel hy enige proewe mee en beskryf die taalreëls (*Ueber das Malaioportugiesische von Batavia und Tugu*, deel IX van *Kreolische Studien*, Wenen, 1891).

Die Nederlands van Indonesië het met verloop van tyd ook eie karaktertrekke ontwikkel. F. Prick van Wely het in 1906 'n wetenskaplike studie hieroor gepubliseer (*Neerlands taal in 't Verre Oosten*). Daar is vereers die

Nederlands van die Sinjo's en Nonna's (dit is die krom-Nederlands van die persone wat 'n Nederlander tot vader en 'n inlandse uit 'n kampong tot moeder het), 'n Nederlandse kreoolse of verbasterde taal dus, met afwykinge in intonasie, klank, woord, vorm en sfeer; en tweedens, die Nederlands van die Europeane, sommige uit die vaderland en sommige lank reeds ingesetenes van die Ooste.

Hêrdie Nederlands het baie inlandse woorde vir spesifiek Oosterse sake en aangeleenthede oorgeneem, bv. vir daardie wêrelddeel se diere (*tjitjak*), plantegroei (*atap*), kossoorte (*atjar*), werktuie (*kris*), kledingstukke (*sarong*), ampte (*baboe*, *mandoer*, *radja*), ens. Dikwels word 'n Maleise woord gebruik, hoewel 'n goeie Nederlandse term voor die hand lê, bv. *kali* (rivier) *pieker* (*nadink*), en soms ontwikkel 'n goeie Nederlandse woord daar 'n afwykende, aangepaste betekenis, bv. *binnenplaats* (plek in die binnelande), *bardlooper* (vinnige posboot), *maaltijd* (tyd wanneer suikerriet gemaal moet word); en ten slotte is daar Nederlandse woorde wat omtrent net in Insulinde veel gehoor word (*cultuurtuin*, *etensdrager*, *tussenbestuur*).

Dié taaltoestande in die Ooste het hulle nie onbetuig gelaat in algemene Nederlands nie. Deur politieke, kulturele (veral letterkundige) en handelsbetrekkinge het vele sulke woorde soos uit Maleis onder die aandag van sprekers in die stamland gekom en het in hulle taal 'n staanplekkie gekry, d.w.s. hulle vorm vandag deel van die Nederlandse woordvoorraad. Dr. P. J. Veth het reeds in 1889 'n versameling van sulke „uitheemsche" woorde met verklarings gegee in sy *Uit Oost en West* (Arnhem), as aanvulling bedoel by dr. R. Dozy se lys *Oosterlingen* (1867). Oor die terreine van ontleninge sê dr. Veth (ald., bl. 29): „De vrij talrijke woorden die in onze taal uit het Maleisch stammen, zijn deels namen van voorwerpen van natuurlijke historie, die in de Maleische landen te huis behooren, of handelswaren die vandaar worden uitgevoerd, deels woorden die betrekking hebben op het leven der Maleische bevolkingen, bv.

hunne wonings, kleeding, gebruik en instellings, vooral ook hunne skeepvaart, maar niet weinige ook zijn uitdrukkingen uit het dagelijksch leven, die, door matrozen of militaïren overgebracht, zijn ingedrongen in de volkstaal . . . .”

In sy lys kom o.m. die volgende plant- en boomname as ontleninge uit Maleis voor: agar-agar (seedruif), alang-alang (rietgras), areek (betelneut), bibit (kweekplante), dammer (soort hars), djagoeng (mielies), guttapercha (boomsoort), kajaput (withoutboom, by ons ook in kaatjiepootjie-olie), kajaten-hout ('n duursame houtsoort), klapper (uit: kelapa of klapa 'n kokospalm), padi (rys), rotting (rottang, 'n rietpalm), sago, zonnehout (volks-etimologies vir 'n soort glanshout). Diername is o.a. kaalkop (uit kakap, 'n seebaars), kakatoe ('n kuifpapegaai), lori (loerie, 'n voëlsoort), orangoetan ('n bosmens) en wouwouw ('n aapsoort). Op Maleis gaan terug die kledingstukke baadje, batik (geverfde katoen), (oor-) krab, sarong en slendang. In 'n los verband is verder te noem: amok, amper (in Ndl. beteken dit nouliks of amper nie), baar (bv. soos by ons in: 'n baar kaffer), bakkaleien, baboe (voedster), bobai (ophef), brani (stoutmoedig), gladakker (sleg), gorgelet (beker), kampung (omheinde erf), kondé (bolla), kras, kris, mandoor (meesterkneg), mardyker ('n vry man), oorlam, te piekeren (na te dink), pikol (oor die skouers dra, vgl. ons: aanpiekel), sambal ('n toespys), sambok, sobatten, soesab (ellendig), tinka (grille)<sup>1)</sup>.

Weliswaar is die meeste van hierdie klompie woorde selfstandige naamwoorde, het hulle 'n spesifieke, half tegniese gebruik soos in die geval van so baie leenwoorde, en vertoon verder in die alledaagse Nederlands 'n lae frekwensie. Maar 'n paar laat ook sien dat hulle wel 'n flinke rol te vervul het, selfs buitekant Nederlands in

<sup>1)</sup> Baie van hierdie woorde het regstreeks uit Maleis maar ook via Nederlands en ander Europese tale oorgegaan, veral in Duits, om verstaanbare redes. Vgl. dr. K. Lokotsch: *Etymologisches Wörterbuch der europäischen Wörter orientalischen Ursprungs* (Heidelberg, 1927) bl. 211-3.

ander Europese tale. Party van die woorde hierbo berus op volksetimologiese aanpassing (*kaalkop*, *klapper*, *sonne-bout*; vgl. verder dr. Veth, bl. 115, 152), terwyl ander, meestal selfstandige naamwoorde, in Nederlands al as werkwoorde gebesig word. „Men denke,” sê dr. Veth, „aan *tombokken* voor rijststampen, *tandakken* voor op Javaansche wijze dansen, *batikken* voor op Javaansche wijze katoenen stoffen verven, *amokken* voor amok maken, . . . . *pikelen* voor op de schoulers dragen, *pikeren* voor denken, *soebatten* en ontelbare andere . . . .” (ald., bl. 27). Die alledaagse *kras* in sinne soos: „dat is wat kras, Keesje,” gaan terug op Maleis *keras*, volgens dr. Veth.

’n Afrikaner sal ’n hele paar uit die kort lysie herken. Wat Afrikaans betref, moet hulle bepaald as erfgoed beskou word as hulle al vóór 1652 in Nederlands ’n tuiste gevind het, sodat die werk om die woorde te dateer, van belang word.

Party woorde kan ook nà die koms van Van Riebeeck uit die Nederlandse seemanstaal in die Kaapse taalgebruik oorgegaan het, in watter geval hulle, volgens die standpunt, as ontleninge uit Nederlands te beskou is, òf as eie ontleninge, òf hulle kon direk, d.w.s. sonder Nederlandse tussenkoms, Kaaps-Hollands binnegedring het, en is dan as sodanig eie ontleninge, hetsy uit Maleis, hetsy uit „Maleis-Portugees,” hetsy selfs uit Portugees. Afrikaans ken verskeie sulke woorde wat Europees-Nederlands nie het nie, woorde soos *atjar* (P), *baie* (M), *tamaai* (M-P); hulle is ingevoer deur die slawe uit die Ooste, deur politieke bannelinge en deur rustende of ander amptenare wat lank in die Ooste gewoon het.

Dit is nog nodig om oor die verhouding tussen Malagassi en Maleis meer helderheid te verkry ten einde te sien in hoeverre die twee vorme mekaar gesteun het. Die verwantskap tussen hulle is vroeg opgemerk, byvoorbeeld deur Frederik de Houtman van Gouda wat die tweede reis van sy beroemde broer Cornelis na die Ooste (1598) meegemaak maar in Sumatra in Portugeese gevangenskap geraak het, en die 26 maande in die tronk

gebruik het om Maleis aan te leer, waarvan hy o.a. sê: „ . . . de Maleysche sprake wort (in gants Oost-Indien) by ouden ende jongen gebruyct, ende in welcke ook alle coop-handelen geschien ende ghedaen worden, tot in de Molucksche Eylanden ende die quartieren toe . . .” Om die groot betekenis van die taal het hy ’n weliswaar heel beskeie woordeboekie saamgestel, en die Madagaskarse ekwiwalente bygevoeg. „De Madagaskarse sprake is mede seer nut voor de schepen, die haer Voyagie naer Oost-Indien willen doen.” Die Madagaskarse woorde het hy opgeteken uit die mond van ’n „ingeboren vant selve Eylant, die alreede goedt Duyts sprac, alsoo hy wel vier Jaeren met onse Duytsche Natie ghevaren hadde . . .” Die werkjie is op las van die Kompanjie te Amsterdam gedruk in 1603 en heet: *Spraeck ende Woord-boeck Inde Maleysche ende Madagaskarsche Talen*. Dit bevat 12 samesprake en op bl. 183-4 die vervoeging van die Maleise werkwoord.

Soos W. E. Cousins (*A concise introduction to the study of the Malagasy language as spoken in Imerina*, 3de druk 1894) dit saamvat: „From the time when Houtman published his vocabulary (1603) in Dutch, Malay and Malagasy to the present day the resemblance of the Malagasy to the Malayan languages has been repeatedly pointed out . . .” (bl. 7). Veral die sendelinge van die Londense Genootskap het veel aandag aan dié taalstudie gewy, waarvan die meeste as artikels gepubliseer is in die *Antananarivo Annual*. Hierdie ondersoekers het gewys op ooreenkomste in woordeskat, grammatika en struktuur; oor laasgenoemde twee aspekte sê W. Denning (ald, in uitgawe van 1875, bl. 40) dat Maleis o.a. in die volgende opsigte met Malagassi ooreenstem:

- „1. It has no inflections of verbs, nouns or adjectives.
2. It has both exclusive and inclusive pronouns, the same form being used in the nominative and objective case.
3. Reduplication is very common.
4. The Malay prefixes to the verb, though differing slightly in form from those of Malagasy, yet constantly

bear the same meaning and are used in the same way.

5. The Malays have a participial affix in *an*," (d.w.s. dat enige wortel met aanhegting van *-an* 'n selfstandige naamwoord word).

Wat die woordeskat betref, is verskeie lyste saamgestel om die ooreenkomste aan te gee, van Maleise kant byvoorbeeld deur Van der Tuuk, van Madagaskarse kant deur J. Richardson in sy *New Malagasy-English Dictionary* alwaar oor die 300 Malagassiwoorde met Maleis in verband gebring word, so *maso*, oog, Maleis: *mata*; *olona*, mens, Maleis: *orang*; *tany*, aarde, Maleis: *tana*; *volana*, maan, Maleis: *boolana*.

Ondanks dit alles is die verskille so groot dat 'n Maleier en 'n inwoner van Madagaskar mekaar, sê in Van Riebeeck se tyd, nie sonder meer kon verstaan nie. Hulle sou vreemder teenoor mekaar gestaan het as byvoorbeeld 'n Afrikaner en 'n Noor. Die groot afwyking moet daaraan toegeskryf word dat die Polinesiërs in die jaar vroeg na Madagaskar verhuis het en hulle taal sedertdien 'n eie rigting ingeslaan het. Hoe vroeg, kan geleerdes nie meer bepaal nie; dit was in elk geval voordat daar 'n kans was vir die vestiging van 'n Mohammedaanse tradisie onder die uitwykelinge, en die skaarsheid aan Sanskritwoorde stel die datum van verhuising selfs nog veel vroeër. Dr. Codrington se studie, waarna Cousins verwys (bl. 7), voer hom tot die konklusie „that the Malagasy has not been derived from the Malay strictly so-called, but represents an older stage of the common language, now so widely spread over the Indian and Pacific Oceans.”

Ons verneem dan ook dikwels in die offisiële beskeide dat dit moeilik was om in die begin met die Madagaskarse slawe te praat wanneer hulle aan die Kaap verkoop word. Die vryburgers wat vroeër in die Ooste as matrose of soldate die lingua franca aangeleer het, kon hulle blykbaar nie goed aan die Madagaskarse slawe verstaanbaar gemaak het nie (vgl. ook Hesseling 34 en 35n). Tog moet ons vanweë die affiniteit van hulle taal, nie net in woordeskat nie maar veral in grammatika en struktuur,

aanneem dat die slawe uit Madagaskar die taal van die Oosterse slawe gouer kon aanleer as wat dit met die Angoolse en Guinese negerslawe die geval was.

### §6. Portugees.

Nà die oorsig van die tale van Afrika en die Ooste vir sover hulle van belang mag word vir die Afrikaanse taalgeskiedenis, bly nog oor die tale van Europa, waarvan Nederlands vir ons doel die vernaamste is. Nederlands, Frans, Duits en Engels kom weer ter sprake wanneer koloniste wat daardie tale praat, hulle aan die Kaap gaan vestig. Die Portugese word nie op dié wyse sterk genoeg verteenwoordig nie, maar hulle rol in Afrika reeds lank voor Van Riebeeck se koms maak dit nodig om aan hulle 'n afsonderlike paragrafie te wy.

Daar is reeds gewys op die handels- en seevaart-betrekkinge tussen Nederlanders en Portugese, veral gedurende die 16de eeu, asook op die stryd tussen die twee tale van die begin van die 17de eeu af in die Ooste, alwaar behalwe goeie Portugees ook vereenvoudigde en gevestigde bastervorme, byvoorbeeld Maleis-Portugees, in die Nederlandse aksiegebied in algemene gebruik vir bepaalde geleenthede was. Dat Maleis-Portugees en Portugees taai bly voortlewe het na die uitdrijving van die Portugese, is reeds genoem en kan met nog 'n voorbeeld verskerp word.

Sedert Ceylon in 1656, vier jaar na die landing van Van Riebeeck aan die Kaap, in besit van die N.O.I.K. oorgegaan het, tot in 1802 toe dit aan die Engelse afgestaan is, het Nederlands daar as bestuurstaal sy gesag kon laat geld. Maar ondanks onderwys en kragdadige amptelike steun het Nederlands onder die blankes (Nederlanders) van hierdie Nederlandse wingewes nie so diep wortel kon skiet dat dit kon voortbestaan na sy onderdrukking onder die daaropvolgende Engelse bewind nie, 'n paar uitsonderingsgevalle buite rekening gelaat. Tog kon Portugees hom, trots verbanning, as taal handhaaf van minstens 'n groep ingesete blankes, („ambachtslieden”), sowel onder 'n 150jarige Neder-



landse as onder die byna ewelange Engelse landsbestuur. (Vergelyk D. C. Hesseling: *Overblyfsels van de Nederlandse Taal op Ceylon*, o.a. in *Die Brandwag*, 1 Nov. 1910).

Die skeiding tussen Portugees en Spaans is nie altyd te maak wanneer die herkoms van ontleninge uit daardie gebied vasgestel moet word nie,— daarvoor is die verwantskap tussen die Iberiese tale soms te nou. Seevaart en handel is ook nie die enigste weë waarlangs Nederlands met daardie Skiereiland in aanraking was nie; die Spaanse besetting in die 16de eeu en die letterkundige invloed van o.a. Cervantes (en Camoëns) het dit versterk, soos C. F. A. van Dam kon aantoon in sy opstel *De Spaanse woorde in het Nederlands (De Vooy-Bundel, 1940, bl. 86-103)*. Dat gevolglik verskeie Spaans-Portugeese woorde en Lehnübersetzungen (soos miskien *wilde ezels*) vir hulle 'n weg gebaan het, eers na die Nederlandse handels- en seemanstaal, maar sommige ook na die breëre volkstaal, kan verwag word. Hierby kom nog dat vele Arabiese, Persiese, Chinese, Indiese en selfs Maleise woorde (Maleis is bv.: *mandoor, gorgelet-beker, talie*) in Nederlands voorkom deur bemiddeling van Portugees-Spaans of Maleis-Portugees, ens. 'n Paar voorbeelde van sulke direkte en indirekte ontleninge in Nederlands kan gou genoem word, meestal geneem uit dr. Veth: *albatros, alligator, amfioen, ananas* (pynappels), *ansjovis, baljaar* (dans), *banaan, bataten* (patats), *betel, cacao, chocolade, cigaar, creool, eldorado, kaste, kiepersol* (sonskerm), *kokos-vrug, leguaan* (likkewaan), *milboe* (mielie), *mulat, muskiet, neger, padrie* (priester) *palabber* (woord), *parlesanten* (babbel), *tomaat*. Aan die Tagtigjarige Oorlog herinner o.m. *adjutant, commando, cornel, majoor, sinjoor, Spanjool, stukadoor*. (Vgl. Lokotsch vir Duits).

Van diep inwerking getuig sulke ontleninge van benaminge van 'n meer tegniese aard nie en byna al die woorde kom ook in ander Europese tale voor, waaronder Afrikaans, wat dit as erfgoed reken. Afrikaanse taalgeleerdes het die stelling verdedig dat woorde wat voor 1652 reeds in Nederlandse geskifte voorkom en dus vir Nederlandse lesers bedoel is, bv. in reisbeskrywings,

beoordeel moet word as behorende tot die Nederlandse woordvoorraad van die tyd toe daar nog geen skeiding was nie, d.w.s. tot die voorraad wat Van Riebeeck saamgebring het en wat ten opsigte van Afrikaans as erfgoed moet geld. Wat na 1652 opgeneem of opgeteken is, moet as moontlike ontleninge ondersoek word.

In die algemeen is die stelling bepaald korrek, nogtans moet dit liewers rekbaar genoeg gehou word om nie tot dogma te verstar nie, sê in die geval van vele Kaapse plekname. Daar moet, met ander woorde, rekening gehou word met die moontlikheid van onafhanklike herlening uit Portugees deur Nederlands aan die Kaap, selfs al kom 'n woord vroeër as 1652 voor in Nederlands buite die Kaap. Dit is moontlik dat prof. J. L. M. Franken stilswyend so 'n toegewing wil doen waar hy in sy opstelle oor *Maleise en Portugese Relikte aan die Kaap van vandag* (*Die Huisgenoot*, 24 Okt. tot 14 Nov. 1930) sekere woorde aanhaal uit bronne van voor 1652 (bv. uit die verhale van Linschoten en Houtman) en hulle onder Afrikaans behandel, woorde soos die naam van die bekende seemeu *malgas*, ook deur hom in verband gebring met Port. *mangas* (*de velludo*), moue (van fluweel) en *malmok*, mal meeue, of van die Kaapse seebamboes wat ook *trompette* genoem word en wat, indien nie 'n selfstandige skepping nie, teruggaan op Port. *trombas*. Dit is egter ewe of selfs meer waarskynlik dat hulle uit die Portugese in die Nederlandse seemanstaal oorgegaan het en langs dié weg in die vroeë Nederlands van die Kaap gekom het. Dr. J. du P. Scholtz wat van prof. Franken se artikel kennis geneem het, noem ook as moontlike Portugese ontleninge via die Nederlandse seemanstaal o.a. *ghaaihout*, *flamink*, *pikkewyn*, *dageraad* en *halfkoord* (Port *albacora*). (*Uit die geskiedenis van die naamgewing aan plante en diere in Afrikaans* bl. 3-6.)

Van 1415 af toe die Portugese Ceuta verower het, het hulle die beseiling van die Weskus van Afrika in progressiewe stadia suidwaarts volgehou, die kape, baaie en eilande benoem, kaarte geteken en handel gedryf in ivoor, goud en slawe. *Angra Pequena* (wat beteken:

die klein baai, nou Luderitzbucht) is deur Diaz bereik; later het hy aangedoen by *Agoada de Santo Bras* (d.i. die Waterhaalplek van Santo Bras, in 1601 deur Paulus van Caerden verdoop tot Mosselbaai), ook *Algoabaai* gesien, en op die eiland *St. Croix* 'n kruis opgerig. Op die terugreis het hy die Kaap ontdek en Stormkaap (*Cabo de Tormentoso*) as 'n geskikte naam geag, maar sy vors het dit herdoop tot *Cabo de Bona Esperanca*, die Kaap van die Goeie Hoop; ons benaming is dus 'n letterlike vertaling van die Portugese naam. Da Gama, van wie die naam Natal kom (Kersdag 1497), het die weg na die Ooste gebaan en gedurende 'n eeu lank sal die Portugese ongehinderd om die Kaap kan seil en name aan die kuste gee (die binnelande het hulle vermy), wat hulle op karte aangedui het, soos Perestrello in 1575.<sup>1</sup> By hom reeds kom *Babia de Lagoa* (d.w.s. Baai van die Meer) voor, vandag Algoabaai.

Party van die name is tot vandag toe behou, soos Kaap Agulhas (of Naaldkaap, omdat die kompasnaald hier suiwer Noord gewys het), Kaap *Recife* (Kaap van die Rotsrif), Lorenco Marques, na 'n seevaarder, soos ook *Saldanbabaai*, wat die naam van Antonio da Saldanha in herinnering hou. *Agoada da Saldanha* is oorspronklik gegee aan Tafelbaai waar hierdie admiraal sy lewe gelaat het, maar Joris van Spilbergen het dit verander in *Tafelbaai*. Kerkheiliges is deur die Portugese vernoem in Sint Helena (deur Da Nova in 1501), *St. Sebastiaansbaai* e.a. Verskeie name is later letterlik vertaal uit Portugees, soos *Valsbaai* (ook *Baai Vals*). (Vergelyk veral: C. Pettman: *South African Place Names*, 1931).

<sup>1</sup>) 'n Afdruk van 'n Portugese landkaart met 'n menigte kusbenaminge is te sien teenoor bl. 72 van dr. E. C. Godée Molsbergen se *Jan van Riebeeck*; vgl. ook geskiedenisatlasse, bv. die van dr. A. J. Böeseken (Nas. Pers., 1948), kaarte 49 en 50, en die studies van Welsh.